

23 September en 12:1-9

Genesis 11: 1-9,27-32

(Teks: 12:1-3) Die Here bou

Die geskiedenis van die toringbou (Babel) en van Abram lê die verskil tussen mensewerk en God se werk bloot.

- Die mens het aanvanklik baie lank geleef, tot bykans 1 000 jaar oud geword (Gen 5 en 11:10-26). Deur die "kom ons bou" maak die mens egter sy eie geslag tot niet, want die geslagsregister van Genesis 11 eindig met 'n laagtepunt: "Sarai was onvrugbaar; sy het nie kinders gehad nie" (vers 30). God sê: "Ek sal jou 'n groot nasie maak."
- Die mens bou om vir hom-/haarself 'n naam te maak. Vir eie eer, om deur ander bewonder te word. Sy bouwerk eindig halfvoltooid. Nie as monument van sy naam nie, maar as skandvlek, in verwarring. God sê: "Ek sal jou 'n man van groot betekenis maak."
- Die mens bou tot selfverryking. "Ons bou *vir ons*" (11:4). Selfsugtig, tot eie voordeel.

En die mense word verstrooi, omdat die werk soos kaf in die wind is. Alles waai deurmekaar. Niks maak uiteindelik meer sin nie.

God sê: "Ek sal jou seën... en jy moet tot 'n seën wees."

Deur sy Woord bou God. 'n Woord wat meer *doen* as wat miljoene mense kan sê.

Abram se nageslag word beskryf as "so baie, dat die land vol was van hulle" (Eks 1:7).

Met Sara se dood was Abram onder die volke 'n baie belangrike man (Gen23:6).

By Abram se sterfbed word gesê dat hy " 'n vol lewe agter die rug" het (Gen25:8).

Die Woord van God doen. In die mensgeworde Woord, die seun van Abraham (Matt 1:1), word spreekwoord vervulde daadwoord.

'n Lewe wat deur God in Jesus Christus gebou word, maak God 'n ryk lewe, waar die seën beleef word in die nageslag en sien vir die nasies.

Jy bou nie, nie jou land nie en nie jou familie. Dis tevergeefs, soos kaf in die wind. Maak jou los van hierdie dinge, omdat God deur sy Woord jou lewe bou.

Sing Psalm 25:2 en 6
(Bloemfontein-Suidheuwels)

Ds.

C.A.

Jansen